En nou moet ek algar vaarwel sê. Onverwags moet ek hierdie veld verlaat. Die Generale Konferensie het deur sy komitee gevra dat ek na hierdie nuwe arbeidsveld sal gaan en in ooreenstemming met die raad wat ek al die jongmense geleer het, namlk om jouself in die hande van die broeders te gee om die saak van die Here te dien soos *hulle* dit die beste ag, kan ek nie anders doen nie as hierdie roepstem volg, alhoewel dit beteken dat ons agterlaat die wat in die laaste tien jaar ons dierbaar geword het. En nou: "Mag die Here met u wees totdat ons mekaar sal weersien."

Solusi Sendingstasie

W. B. HIGGINS

ONS is net aan die end van 'n baie nuttige en suksesvol kampvergadering. Ouderling A. E. Nelson van die Divisie kantoor het al die vergaderings bygewoon en sy toesprake oor toepaslike onderwerpe het ons baie waardeer. Ons natuurlike broeders en susters het ongetwyfeld geestelik versterk huistoe gegaan.

Ag honderd van hulle het opgekóm. Vir hul jaarlikse offerande het hulle net onderkant £25 in geld en behoeftes gegee. Die laaste dag het drie-en-negentig siele hul Here in die watergraf van die doop gevolg. Dertig van hierdies was studente in die sendingskool. Daar is nog tien studente wat sal gedoop word, sodra hulle van hul vakansie terugkom. Dis die grootste aantal dopelinge vandat ons hier in 1929 aangekom het. Daar is ook in die doopklas hier op die sendingstasie die hoogste aantal hoorders, ons het nou daar sestig wat voorberei word.

Oral is daar 'n wonderlike, geestelike ontwaking. Die Sendingvrywilligers het te werk gegaan en amper voor die deur van die stasie self belangstellendes gevind. Ons het nog

"Depressie" is een van die Tekens van die Tye

oorwin die Depressie deur

"Tekens van die Tye" te verkoop

As u in een van onderstaande groot dorpe of selfs in kleiner dorpe woon, kan u u inkomste aansienlik vermeerder deur ons blaaie die *Tekens van die Tye* en *Signs of the Times* te verkoop.

Kaapstad (en voorstede)	Bevolking 149,235
Port Elizabeth	Bevolking 43,835
Oos Londen	Bevolking 27,809
Kimberley	Bevolking 18,471

Doen aansoek by

F. E. POTTER,

Buurt-sending-Sekretaris.

Bus 378,
Port Elizabeth, K. P.

nooit so 'n wydverspreide belangstelling in die waarheid gesien nie. En so baie vrae na skole kom in! Ons weet nie wat te doen nie in hierdie dae van geldelike moeilikhede, met besnoeië begrotings, en dan hierdie geroep vir onderwysers!

In die Opleidingskool het ons 'n baie interessante halfjaar gehad. Ons het 310 studente ingeskryf, sewentig van hulle in die hoëre klasse. Die skoolbesoek was buitengewoon goed; —vir die heel skool gemiddeld vyf-en-negentig persent vir die eerste

is, meer as £1,000 in die skatkis gebring en dan nog £150 gegee om die kerkgebou te verbeter en te verlig. Ons glo dat ons nuwe paraffienlamp van ligkrag van 500 kerse, ons nuwe nagmaalglasies, nuwe orrel, nuwe sitbanke en sementvloer, alles vir die Here se diens, die hart van die Here sowel as die harte van Sy kinders blymaak.

Mag hierdie korte verslag 'n bron van aanmoediging vir al ons broeders en susters wees. Dink tog aan die werk op Solusistasie as u bid.

'n late oes gehad het, dan sou 'n groter opkoms moontlik gewees het. Die mense het darem van 'n afstand van oor die tagtig myl gekom.

Die skrywer geniet dit altyd om die gesang van die geestelike liedere te hoor, as klompies gelowiges die sendinggronde betree om die kampvergaderings by te woon.

"Looft God in Zijn gemeent' alom,
Den Heer, gij, in 't heiligdom,
Als Isrels kroost, moogt naadren!
Hoe vroolijk gaan de stammen op
Naar Zions godgewijden top
Met Isrels achtbre vaadren!"

Ps. 68:13.

Die lied wat hulle sing, is altemit 'n lied wat hulle baie geoefen het om dit nou op die kampvergadering weer te sing as hul skool opgeroep word om spesiale liedere te sing. Eers van een kant, dan van 'n ander kant hoor mens die bekende liedere wat ons aan die knie van ons moeders leer sing het. Ek kan net oordeel na die wysie, nie na die woorde nie. Dit moet die engele wat hulle deur die myle en myle boswêreld vergesel, verheug.

Die vergaderings was gekenmerk deur ernstige prediking, vurige gebed en hartelike toewyding. Behalwe Broeder en Suster Buckley en Broeder Owen wat op die sendingstasie bly, was daar nog Ouderling en Mevr. C. Robinson, Dr. en Mevr. Frank Ingle, Broeders Marter en Ficker en die skrywer wat aan die dienste deelgeneem het. Ons was ook bly om Mevr. en Mevr. Binidel en dogter van Umtali daar te sien. Dié Sabbat het ons 'n toewydingsdiens gehou en die mense het 'n besonder offerande vir die sendingwerk gegee. Die volgende dag was doopdiens en toe is daar 125 gedoop. Dit was die grootste doopdiens van die drie kampvergaderings en sou nog groter gewees het, as die vyftig ander kandidate kon gekom het. Hulle sal later gedoop word.

Van Inyazura het ons per moter na die sendingstasie Lower Gwelo gegaan. Dis hier waar Dr. Frank Ingle en Mevr. Ingle die mediese werk probeer opbou. Die geboue is nog nie klaar nie, maar Broeder Melvin Sparrow doen sy bes om die bouwerk aan te help. Die woning van die dokter is nou klaar en die bestuurder se huis word verbou.

Die opkoms op hierdie kampvergadering was die grootste van al drie; Sabbat was daar 1,100 mense. Daar het 'n gees van Bybelstudie en van gebed in die vergadering geheers. Sondagmiddag was daar 'n indruk-



Huishoudkundige Klas, Solusi Sendingstasie.

halfjaar. Standaard ses het 'n gemiddelde skoolbesoek van 99%. Honderd studente het volmaakte bywoning van al die klasse, nie een was ook maar een keer afwesig of te laat nie. Die gevolg is dat ook die skoolwerk beter was.

Die laaste drie jare het tien studente klaargemaak en in die veld uitgegaan. Hierdie jaar sal sewentien van hulle klaarmaak, ag van die predikerskursus wat ons laaste jaar begin het. Ons is baie bly hieroor dat die Meester se roepstem vir arbeiders in Sy wingerd ook deur ons naturelle broeders gehoor is. Ons verwag volgende jaar dubbel die getal van hierdie jaar klaar te maak.

Die Here het ook die lande hierdie jaar met buitengewoon oes geseën. Dit is nie 'n geringe saak nie onder die ernstig beperkte begroting, want dit vra heel wat kos om 125 studente in die groei van hul jare in die tehuise, te moet kosgee. Ons is nou seker van 'n goeie voorraad kos vir 'n volgende jaar.

Ons gemeente van 352 lede het in die drie en 'n half jaar wat ons hier

Kampvergaderings in Suid-Rhodesië

A. E. NELSON

DAAR was by baie van ons 'n uitstaande gevoel dat die kampvergaderings in Suid Rhodesië hierdie jaar 'n besonder geseënde tyd sou wees. 'n Besonder rede hiervir kon eintlik nie gegee word nie of dit moet wees dat ons leef in dae waarin ons behoefte het aan besonder seëninge. Hierin het ook ons verwagting gelê dat die Here ons nie sou teleurstel nie. En nou ek die drie grootste kampvergaderings, Inyazura, Lower Gwelo en Solusi, bygewoon het, kan ek ook sê dat ons nie teleurgestel is nie. Want daar was tye van groot verheuging waar die Here met ons was.

Te Inyazura was daar meer as sewe honderd mense op die Sabbat. En dat niesteenstaande die feit dat hierdie vergadering gehou is op 'n tyd dat die oes op die lande wag. Ons was dus tevreë oor die goeie opkoms. Het die reëns hierdie jaar nie so laat geval nie, waardeur hulle ook

wekkende diens, toe ses-en-sestig kandidate gedoop is. Hoewel die getal nie so groot as op die ander twee kampvergaderings was nie, was dit tog 'n rede tot groot blydskap.

Op die Lower Gwelo se kampvergadering het die van Solusi gevolg. Die opkoms hier was nie so groot nie omdat daar kleiner kampvergaderings op ander plekke gehou is met mense wat gewoonlik die vergadering te Solusi bywoon. Tog was daar op die Sabbat 800 teenwoordig. Dit was 'n plesier om die belangstellende gesigte te sien, terwyl hulle na die Woord sit en luister. Prediker Isaac sê vir die skrywer: "Dit lyk of hulle na geestelike seëninge verlang en of die dienste vir hulle te kort is." Die laaste dag van die kampvergadering is daar drie-en-negentig gedoop, volgens Broeder Higgins die grootste doopdiens in baie jare.

Dit was aangenaam om Solusi weer te besoek. Die geestelike atmosfeer van die sending en die sterk opvoedkundige werk het die gewenste uitwerking. Die families op die sendingstasie doen hul uiterste bes, sodat die waarheid mag uitgaan van hierdie oudste sendingstasie van die genootskap. Hier is vyf families: Broeder en Suster Higgins, Broeder en Suster Jewell, Broeder en Suster Mote, Broeder en Suster Palmer en Broeder en Suster Stuart. Hulle staan by hul werk in hierdie deel van die wingerd. As ons terug sien en dink aan die kampvergaderings van hierdie drie grootste sendingstasies, dan voel ons dat die Here Sy belofte vervul het en ons geseën het, waar ons tot Hom genader het. Dit was aangenaam om op die vergaderings te wees, want die Here was daar.



Twyfelsug

W. LEROY HYATT

HIERDIE eeu van hoër kritiek en skeptisisme het die sluisdeure van twyfel en ongeloof oopgesit. Die amper grenseloos bekwaamheid wat die mens in die wondere van die twintigste eeu wys, is oorsaak van 'n vloedgolf van selfvertroue en afhanklikheid van die mens alleen. Die baie listige vorme van singenot met die bykomstige gevolge het die jongmense opgeswee om die Here te vergeet en die stem van die gewete te smoor. Die glans van hierdie eeu verblind die siel en bring die mens tot vertwyfeling.

Die volgende aanhaling van die Gees van profesie noem die bron van twyfelinge: "En dis die doel wat Satan seek te bereik. Niks begeer hy meer nie as om die vertroue in die Here en in Sy Woord te breek nie. Satan staan aan die hoof van die groot leër van twyfelaars, en doen sy uiterste bes om siele te verlei dat hulle by hom sal aansluit. Dis mode geword om te twyfel. . . . Algar wat hake seek om hul twyfelinge aan op te hang, sal hul vind. Die wat weier om die Woord van die Here aan te neem en te gehoorsaam, tot dat elke beswaar uit die pad is en daar nie langer kans tot twyfel is nie, sal nooit tot die lig kom nie."—*"Groote Strijd,"* bld. 526, 527.

Twyfelsug neem toe by die persoon wat sy gedagtes in die rigting van twyfel laat gaan. Een twyfeling vorm die grond vir die volgende, en in hierdie grond saai die vyand sy saad. Let op hierdie woorde: "Baie gee in vir twyfel en ongeloof. Die wat geloof praat en geloof aankweek, sal geloof hê; maar die wat twyfel koester en twyfel praat, sal twyfelmoedig wees."—*Vol. V, bld. 302.*

Daar is net een veilige pad en dis om die twyfel te weerstaan, sodra dit in ons gedagtes opkom. Moenie daarvoor nadink nie, moenie dit telkens in jou gedagtes laat opkom nie, want twyfel kom van die Bose.

Veral wens ons die nadruk te lê op die ernstige gevaar om met anderdes oor ons twyfel te praat. Partykeer praat ons daarvoor, terwyl daar kinders aan die tafel sit. Ons woorde maak dan indrukke wat nooit vergeet word nie. Helaas, hoe baie kinders het groot geword en dan die waarheid laat staan as gevolg van onversigtige woorde wat onnadenkende ouers laat val het.

Anderes reken dat hulle nie die behoorlike voorbereiding gemaak het nie, as hulle nie een of ander aanmerking in die Sabbatskool, of gedurende die les, die herhaling of in die vergadering van onderwysers te maak het nie. Min dink hulle daaraan watter onberekenbaar kwaad hulle op die manier doen. Hulle self mag geen las hê van die vrae wat hulle doen of die twyfel wat hulle opbring nie, maar tog word op die manier in die harte van anderdes indrukke gemaak, wat nooit kan uitgewis word nie, saad gestrooi wat hul vrugte in die ewigheid sal wys. Elkeen van ons oefen 'n sterke invloed uit op die lewe van anderdes.

Die volgende aanhaling van die

Gees van profesie lê die nadruk op die belangrikheid om nooit 'n woord van twyfel te praat nie, "Sit jou hart oop vir die helder strale van die Son van Geregtheid, en laat nie 'n fluisering van twyfel, nie een woord van ongeloof oor jou lippe kom nie, sodat jy nie die saad van twyfel saai nie."—*"Testimonies to Ministers,"* bld. 391.

Ons woorde self behoort opbouend, sorgvuldig bewaak en goed uitgedink te wees. Praat oor hierdie Adventbeweging met vertroue. Praat oor die leerstellings wat ons 'n volk maak, met geen onseker stem nie. Praat oor die heerlike oorwinning in die naaste toekoms met 'n geloof en versekering wat geen plek vir twyfel oorlaat nie.

"Verder laat ons ons harte en tonge opvoed om die Here te prys vir Sy weergalose liefde. Laat ons ons siele opvoed om hoopvol te wees en te vertoef in die lig wat kom van die kruis van Golgotha. Nooit behoort ons te vergeet dat ons kindere van die hemelse Koning, seuns en dogters van die Here van die heerskare is nie. Dis ons voorreg om 'n kalme rus in die Here te bewaar. 'Laat die vrede van die Here in u hart heers, . . . en wees dankbaar.' Laat ons ons eie moeilikhede en laste vergeet en die Here dank vir 'n geleentheid om vir die eer van Sy Naam te leef. Laat die nuwe seëninge van elke nuwe dag danksegging in ons harte opwek vir hierdie tekens van Sy liefhebbende sorg. As jy in die môre jou oë oopmaak, dank die Here dat Hy jou gedurende die nag bewaar het. Dank die Here vir Sy vrede in jou hart. Laat dank soos 'n lieflike reukwerk in die môre, middag en aand na die hemel opgaan. . . .

"Moenie praat van jou gebrek aan geloof en van jou verdriet en lyding nie. Die versoeker verbly hom oor sulke woorde. As ons oor somber onderwerpe praat, verheerlik ons hom. Ons moenie stilstaan by die groot mag van Satan om ons te oorwin nie. Dikwels gee ons onself in sy hande deur van sy mag te praat. Laat ons in plek daarvan praat oor die groot mag van die Here om al ons belange met Sy eies te verbind. Praat van die weergalose mag van Christus en van Sy heerlikheid. Die ganse hemel stel belang in ons saligheid. Die engele van die Here, duisendmaal duisendes, en tienduizendmaal tienduizendes, word bevel gegee om diegenes wat die saligheid sal be-

(Vervolg op die volgende bld.)

Spesiale Insameling Boodskap

N. C. WILSON

BAIE van ons sollicitante is besonder aangemoedig deur die vriendelike en gunstige ontvangs wat die publiek hierdie jaar vir ons oproep gee. Dis buite twyfel, die Here gee ons hierdie keer ongewone genade in die oë van die publiek. As 'n volk het ons baie rede tot dankbaarheid. Die taak is vanjaar moeilik, maar op verre na nie so moeilik as dit in die naaste toekoms gaan wees nie. Die teenswoordige probleme en ervarings behoor ons oorspring-klippe te word om later groter werk vir die Here te kan doen.

Staan my toe om 'n persoonlike boodskap en oproep aan al ons mense te stuur om tog die eerste week of tien dae van Augustus tot die mees vrugbaar dae in die Insameling werk te maak. Die eerste dae van die maand is die beste; daarom laat elkeen van ons hom voorneem om gedurende die eerste dae van Augustus ons gebied te werk en ons persoonlike doelpunt en daarmee die van die gemeente te bereik. Ons reken op

jonk en oud, op elke gelowige wat die wederkoms van die Here liefhet, om met ons saam te staan in 'n spesiale Insamelingspoging gedurende hierdie eerste dae van Augustus. Met u hulp—liewe broeder en suster, jongmense en kinders—sal ons slaag. Maar daar is geen ander pad nie, daar is hierdie jaar geen gebaande en maklike pad tot oorwinning in die veldtog nie.

Met u hulp en saamwerking kan die veldtog die dertiende Augustus op tyd klaar wees. Die konferensies en sendingvelde saam met u gemeente kan hul doelpunt op tyd bereik. Dan kan ons ons aandag aan ander werk gee. Die geheim lê in die seën van Bo op 'n ernstige, entoesiastiese veldtog gedurende die eerste week in Augustus.

Ons is dankbaar vir die duidelike bewyse van die seën van die hemel op die eerste paar weke van die oproep en met u sien ons uit na 'n vol en volledige oorwinning.

die kerk goed vol, ja amper oorvol. Dr. Blaine, die superintendent van die Sabbatskool, was daar om goeie leiding te gee. Heel wat boekmerke is toe juis uitgedeel, party vir lang periodes. Ons wens net dat al ons lede die Sabbatskool getrou wou bywoon, want op die manier sou hulle 'n ervaring kry wat kan dien soos 'n anker vir hul siele. Ons is nooit bang vir die lede wat gereeld die Sabbatskool besoek en hul lesse getrou leer nie.

Vroeg hierdie jaar is Ouderling en Suster A. C. le Butt na Durban verplaas. Ouderling le Butt sorg nou vir die gemeentes van Durban, Maritzburg en Sweetwaters. Ook hou hy in Durban se kerk baie suksesvol Sondagaanddienste oor onderwerpe van ons leer. Baie mense woon hierdie dienste by en heel wat van hulle is belangstellend. Netnou sal daar 'n doopklas gevorm word en dan sal baie vir die waarheid uitkom.

Die skrywer het in Durban 'n aantal spesiale dienste oor "die Gees van profesie" gehou. Hierdie gawe vervul 'n wonderlike doel in die "gemeente van die oorblyfsel" en ons meen dat elke gemeentelid behoort gebruik te maak van die inligting wat daardeur in sy bereik kom. Die wat die geskrifte van "die Gees van profesie" met erns ondersoek, word ook deelike Bybelstudente en soliede Sewende-dag Adventiste. Die diensmaag van die Here het vir ons die volgende raad gegee: "Namate die end naderkom en die werk van die laaste waarskuwende boodskap aan die wêreld uitbrei, word dit van meer belang dat die wat die teenswoordige waarheid aanneem, 'n heldere begrip van die aard en die invloed van die Getuïenisse sal hê. Die Here het in Sy voorsienigheid van die begin van die boodskap van die derde engel af die Getuïenisse aan die werk verbind."—*Vol. V, bld. 654.*

"Die dele van die Getuïenisse behoort in elke familie wat Sabbat vier, te wees. Die broeders behoort hul waarde te ken en aangemoedig te word om hul te lees. Baie handel in direkte teëspraak met die lig wat die Here vir Sy kinders gegee het, omdat hulle nie die boeke wat lig en kennis in waarskuwings, bestraffings en vermanings bevat, lees nie."—*Vol. V, bld. 681.*

Ons het ook die groot voorreg gehad om die elfde Junie die gemeente van Maritzburg te besoek. Die Broeders Liquorish en Fowler is by die geleentheid as diakens vir hul belang-

TELEGRAM

AAN Elke Gemeentelid VAN Natal-Tvl. Konferensie

Staan algar saam in die Super-Dryfjag Insameling wat eerste Augustus begin. Vinnig.

Twyfelsug

(Slot van bld. 16)

ërf, te dien. . . . Het ons nie rede om elke oomblik dankbaar te wees nie, selfs wanneer daar kenlike moeilikhede op ons pad is?"

Kom, broeders en susters, laat ons ons vas voorneem en besluit om nooit weer 'n woord van twyfel te spreek oor die waarheid, oor die organisasie, of oor sy uiteindelijke oorwinning nie. Maar laat ons die Here dank vir die heerlike lig van die drievoudige boodskap en vir 'n lewende Saligmaker. Wat Sy volk lei deur die moeite en verwarring van hierdie wêreld na die dagbreek van 'n ander 'n beter wêreld wat geen einde ken nie.

N.-T. Konferensie

W. L. Hyatt President
P. W. Willmore Sekr.-Tes.

Bus 6154, Johannesburg, Tvl.

Die Tuinkolonie

W. LEROY HYATT

HEEL wat van ons gemeentelede van die Hoë Veld soek die kou winter te ontgaan deur 'n besoek aan Durban waar hulle pragtige, aangename, sonnige dae en 'n sagte klimaat kan geniet. Dit het die kerkdiens en die Sabbatskool te Durban te goede gekom. By 'n onlangse besoek kry ons

rike werk in die gemeente afgesonder. Daar was baie mense en 'n goeie gees heers in die gemeente. Die laaste jare het die Dames Hulpvereniging van die gemeente hier 'n wonderlike werk gedaan. Hulle het £750 bymekaar gemaak. 'n Deel van hierdie gelde is gebruik om die skuld op die kerkgebou te betaal en die orige om die kerk aangaan en mooi te maak. Vandag is dit seker die mooiste kerkie in die hele Unie. Wat 'n verskil met die dae toe hulle in 'n geboutjie van sink en hout bymekaar moes kom! Ons wens die susters geluk dat hul onvermoede pogings met soveel sukses bekroon is, veral Mrs. J. C. Baumann wat die laaste jare die leiding op haar neem het.

Sabbatmiddag het ek die gemeente van Sweetwaters besoek. Daar was 'n goeie opkoms van getroue gemeentelude wat die lig van waarheid hooghou in die pragtige koppe van Sweetwaters.



Uitstekende Sendingwerk

In ons konferensie is daar baie jongmense, en grootmense ook, wat dit nie kan bybring om vir die *Review and Herald* of die *Youth's Instructor* in te teken nie. Daar is ook seker onder ons gemeentelude die wat hierdie en ander van ons kerkblaaie gereeld ontvang en wat ewe gewillig sou wees om hul weer uit te stuur na S. D. A. families en jongmense wat hierdie blaaie nie kan kry nie.

Dis mos 'n uitstekende sendingwerk. Laat ons net weet en ons sal u die name en adresse stuur aan wie u die blaaie dan gereeld kan pos. Of stuur die blaaie na die kantoor van die konferensie. Ons sien natuurlik liewers dat uself die blaaie direk per pos aanstuur; dis beter.

Dink tog aan die behoeftes van "die huisgenote van die geloof."

Kaap Konferensie

L. L. Moffitt President
Mej. P. E. Willmore Sekr.-Tes.

Bus 378, Port Elizabeth, K. P.

Nuus

Ons was baie bly en bemoedig deur die nuus dat Ouderling A. W. Staples in die kerk te Jonesstraat,

Kimberley, sewe-en-dertig siele en twintig in die kerk van Beaconsfield gedoop het as gevolg van sy jongste poging te Kimberley. Ons roep hierdie nuwe broeders en susters hartelik welkom toe in ons konferensie. Mag die Here vir hulle ryklik seën.

Ouderling G. W. Shone, die veteraan in die diens van die Here, was so verlangend om iets in die Groot Week Veldtog te doen, dat hy ses myl geloop het om sy boeke te kan verkoop. Sy ywer is beloon, want hy het hul algar verkoop. Die lig van die teenswoordige waarheid skyn nou in baie eensaam wonings.

Die ontvangste van die Groot Week Veldtog bedra nou £135-12-6 of iets meer as 75% van ons doel. Dis baie bemoedigend. Ons dank ons getroue lede vir hul saamwerking. As al die gelde in is, sal ons seker 80% van ons doel bereik.

Die sekretaris van die Uitgewers Departement van die Divisie, Broeder L. A. Vixie, het ook eerste klas diens bewys in die veldtog. Hy het verskeie dae op die buiteplase deurbring en interessante ervarings opgedaan. Ons waardeer sy ywer baie.

Die Oes Insameling is nou in vol gang en ons gemeentelude werk met ywer saam. Ons het nie 'n woord van ontmoediging van enige deel van die veld ontvang nie. Intendeel van baie sentrums kry ons berig hoe gedetermineerd ons mense is om die Meester in hierdie diens na hul vermoë te dien en in hierdie krisis hul man te staan.

Voor die end van die tweede week het die Helderberg afdeling reeds daarin geslaag om 'n heel end oor die helfte van hul doel te gaan. Hulle gaan weer uit gedurende die eerste week van Augustus en hoop dan hul doel te bereik.

Claremont is ook oor die helfte van hul doel. Die ruimte laat nie toe om al die kerke en groepe te noem nie, maar daar is oorfloedige bewys dat iedereen gedetermineer is om alles in sy vermoë te doen om die veldtog onder leiding van Bo te laat slaag.

Ons jongmense werk oral moedig en getrou en is vol ywer. Hulle is 'n aanmoediging vir ons algar!

Br. J. J. B. Combrinck en sy vrou het albei te Queenstown siek gelê aan 'n aanval van griep. Ondanks hierdie teenslag het die klein groep

daar in die eerste week reeds twee-en-sewentig persent van hul doel bereik.

Nieteenstaande die finansiële verwarring oral is die boekwerk in vergelyking met 1931 baie gunstig en as dit so aanhou, verwag ons dat ons hierdie jaar meer leesstof as laaste jaar sal verkoop.

Br. Ernest Stevenson is nou te George en bewerk daarvandaan ook Knysna en Robertson met "Bybellesings." Hy het goeie sukses en heerlike ervarings.

Broeder D. D. Toerien, ons veteraan in die kolportasiewerk, is nou te Paarl en besoek met sy moterfiets die omliggende streke. Waar hy nou afgesonderd is van sy medegelowiges, sal hy seker 'n brief van ander dele waardeer.

Br. C. S. Pike is nog besig te Port Elizabeth vir die laaste vier-en-n-half-jaar. Hy het van ons leestof geplaas in die wonings van 'n groot aantal mense van verskillende godsdienstige oortuigings en nasionaliteite.

Te Steynsburg hou party siele, as gevolg van die boekwerk van Broeder Ernest Stevenson, nou Sabbat saam met Suster Hayter.

Die Week van Offerande se ontvangste bedra die mooi som van £205-8-4.

Die nu boek "Joyful Songs" word teen twee sielings verkoop.

Ons het heel wat boeke vir jongmense wat hulle sal opbou en inspireer. Stuur net 'n poskaartjie en ons sal die name stuur en sê wat die boeke kos. Dit sal u betaal.

Die Depôt van Godsdienstige Boeke het 'n aantal lig beskadigde "Junior Song Book" teen die verminderde prys van een sieling elk. "Wie eerste kom, eerste maan." Maar kom gou, a.u.b., as u 'n kopie wil hê.



Gevra

GEBRUIKTE blaaie soos *Sabbath School Worker*, *Little Friend*, *Youth's Instructor*, Tekskaarte en Printerolle vir ons Sabbatskole in hierdie konferensie vir wie dit moeilik val om die aankoop van blaaie te bekostig. Stuur al die leesstof a.u.b. aan: Konferensie Sabbatskole, Bus 378, Port Elizabeth, K. P.



Sendingvrywilligers, Vredendal.

Vredendal

S. G. HITEN

NET anderkant die grense van Namakwaland op die walle van die Olifantsrivier lê die klein dorpie Vredendal. Mens kan dit amper nie 'n dorp noem nie, so versprei woon die mense op gronde of klein plase wat goed van water voorsien is. Die irrigasievore het goeie gevolge gehad, want hierdie klein plase is 'n lus vir die oë. Groot lusernlande lyk soos 'n groen tapyt en oral sien mens wingerdstokke.

Die skrywer het die voorreg gehad om onlangs onder hierdie hardwerkende mense van Vredendal 'n poging te hou. Soos die aldeur lopende vrugbaar voor water het die invloed van Broeder P. J. Trytsman gewerk om die mense hul belangstelling op te wek. Met die gevolg dat baie mense die lesings kom bywoon het en ook dierbaar siele die waarheid aangeneem het. Tot blydskap van die skrywer is daar dan ook 'n gemeente georganiseer.

Nie alleen die pragtige wingerde en groen lusernlande is 'n seker bewys van arbeid, maar ook hierdie kosbaar siele doen hul bes om mekaar aan te moedig en vorentoe te druk. Om hierdie rede het hulle skrywer uitgenooi om 'n mooi kerkgeboutjie wat hulle vir die Here gebou het, te kom inwy. Veertien dae gelede het ons saamgekom en die teenwoordigheid van die Here was daar. Elke voorbereiding was gemaak toe ons, Sabbatmôre, die 25ste Junie, voor die toe-deur van die geboutjie saamgekom het om die Here te loof en te dank. Ons het daar 'n paar woorde gepraat en toe is daar 'n spesiale lied gesing. Daarna het ons in gebed voorgedaan en toe die sleutel in die slot omgedraai om bin-

nekant die nuwe gebou die inwydingsdiens te hou.

Die gemeentede lede wys op baie maniere dat hul lampe brandende is. Hulle het 'n baie goeie koor en die Sendingvrywilligers het daardie dag 'n interessante program gegee. Ook is toe twee siele gedoop.

Teen die end van die naweek het ons algar gevoel dat ons 'n geseënde tydjie gehad het en die Here het 'n ryk seën op algar uitgestort. Mag hierdie gees van eenheid en saamwerking aldeur met ons geliefde broeders en susters van Vredendal wees.

Sendingvelde

Emmanuel Sendingstasie

MEVR. J. R. CAMPBELL

ONGEVEER sestien jaar gelede het ons op 'n sendingstasie gewoon en dus het ons dadelik tuis gevoel toe ons twee maande gelede hierdie stasie oorneem, solank Broeder Sharman en familie op hul welverdiende verlof is.

Hoewel ons weg van die eintlike beskawing is, gebeur daar in hierdie uithoek van die wêreld tog altyd interessante dinge. Wat my veral getref het was die Week van Offerande. Hierdie sendinggemeente het nooit veel gagee nie; hulle het nie veel om te gee nie. Toe ons dus die oproep doen, het ons algar gewonder wat die Week van Offerande sal bring, veral waar dit nie juis oestyd was nie.

Sabbatmôre het elkeen van hulle daarom met 'n offerande kerktog gekom. Party bring mielies, party kafferking, party boontjies, een meid het 'n hoender gebring, ander bring

eiers en, ook 'n paar pompoene. Voor in die kerkgebou naby die preekstoel het ons sakkies vir die verskillende artikels gesit. Ons was verwonder om te sien hoe vol hulle word. Vir die wat geld wou gee, het ons enveloppe gereed. Die totaal oprings van die natuurle gemeentede lede alleen was £7-2-7. Dit lyk nou nie so wonderlik baie nie, maar die van ons wat weet hoe min die oes was en hoe arm ons broeders is, dank met ons die Here vir die offering wat baie gelowiges hier maak.

Ook het baie van hulle nou uitgegaan vir die Sendingsameling. Ons hoop darem ons doel te bereik.

In die Junie vakansie het ons die genoë gehad om Suster Thompson van Spioenok en Ouderling N. C. Wilson en familie van Bloemfontein as gaste te ontvang. Ouderling Wilson het ons baie gehelp om die groot vrugteboord hier te help snoei. Die sendingstasie sal daardeur in die komende jare baie vrugte hê.

S. O. A. Unie

N. C. Wilson Superintendent

T. L. Bulgin Sekr.-Tes.

Box 51, Blantyre, Nyasaland

Nuus

Broeder F. L. Chapman skryf in 'n brief aan die redakteur v.m. as volg:

“Ons kampvergaderings vir die Naturelle hier is nou net afgelopen. Ons het 925 mense gedoop. Dit na 'n baie sorgvuldige ondersoek van die kandidate. Hierdie grote getal wys hoe ernstig ons werkers, Europeane en Naturelle, hier gearbei het.”

“'n Uitstaande kenmerk van die kampvergadering was die seer bepaalde reaksie op die baie heidene wat saam met die Christene opgekom het. Meer as drie honderd van hulle het opgestaan om die Here te volg en dit nie as gevolg van bepaalde groot dwang nie of dat ons op hul gevoelens gewerk het nie. Die meerderheid van hierdie drie honderd was manne en vroue van middelbaar leeftyd wat gevra is om die waarheid van die saligheid in Christus Jesus ernstig te oorweeg. Hulle het hul verlore toestand ingesien en die Here Jesus as hul Saligmaker aangeneem en hul bese weë verlaat.”

The Southern
African Division Outlook

Published monthly by the
General Conference of Seventh-day Adventists
(Southern African Division)

Subscription price, 2/6 per annum

Advertisements: 6d per line (minimum 3/-)

W. B. COMMINS Editor
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS

J. F. Wright *President.*
A. E. Nelson *Secy.-Treas.*
A. N. Tonge *Medical Secy.*
E. D. Dick *Field and Educational Secy.*
J. I. Robison *S. S. and Miss. Vol. Secy.*
L. A. Vixie *H. M. and Field Miss. Secy.*

General News

Elder Wright is in Angola attending the camp-meetings in that field.

Brother W. B. Commins is at present spending some time in Port Elizabeth recuperating.

Brother L. A. Vixie is at present in Bloemfontein where he is assisting in the Harvest Ingathering work.

Brother A. E. Nelson has just returned to the Cape after spending several weeks assisting our workers in the Zambesi Union.

Brother J. I. Robison is now attending the camp-meetings in the Congo Union after which he will proceed to Ruanda and Urundi.

Dr. Parsons writes in a letter just received that the house at Namba has been burned to the ground. It seems that the only thing saved was the bathtub. At the time of the fire

Sister Anderson was visiting the mission. No further details were given of the fire but we would infer that no one sustained injuries and all the missionaries are safe.

* *

A Long-felt Need to be Supplied

FREQUENTLY officers of the young people's society, officers of the Sabbath school, and also officers of the church are perplexed to know the proper procedure to follow in carrying on the work of their particular office. Many times questions arise as to the proper way to receive new members into the church, or what really constitutes the duties of the church elder, and how the deacon may carry on the work that is allotted to him. The deaconesses, too, sometimes wonder how to prepare the table for the ordinances of the Lord's house, or how to make the bread for the ordinance, whether any kind of fruit juice will answer the purpose for the wine. All these and many other perplexing questions concerning the duties of the church and Sabbath school officers are answered in the new book just off the press, "The Church Manual."

There are eleven sections in the book, covering such points and plans as organisation, duties and responsibilities of the officers of the church, and plans for auxiliary organisation, church membership, church discipline, organisations for holding church properties, suggestions regarding wills and annuities, gospel finances, ministers and gospel workers, the services of the church, Sabbath

observance, and fundamental beliefs of Seventh-day Adventists.

This book can be had by ordering from your local book depository. The price in the cloth binding will be 5/-, and the flexible leather will sell for 9/-. We have a supply of the cloth binding arriving this month. We are ordering a supply in the limp leather binding. No doubt many of our church officers and members of our churches have been waiting for this very help.

SENTINEL PUBLISHING COMPANY.

* *

Wanted

USED papers, such as *Sabbath School Worker*, *Our Little Friend*, *Youth's Instructor*, memory verse cards and picture rolls, for several of our Sabbath schools in this conference who find it difficult to finance the purchase of supplies. Please address all literature to: Conference Sabbath Schools, P. O. Box 378, Port Elizabeth, C. P.

Obituaries

MARTHINUS.—Daniel, passed away peacefully on June 8, 1932.

Our beloved brother was baptised in 1926 and remained true to the faith until death claimed him at the ripe old age of eighty-seven years. He was laid to rest in the West End Cemetery, Kimberley. Pastor A. W. Staples, assisted by the Rev. Pescod and the Rev. Clulow, of the Wesleyan Church, officiated at the funeral.

He now sleeps in Jesus awaiting the call of the Live-giver on that fair morn when the trump will sound announcing the first resurrection.

D. J. F. WILLIAMS.

GIGSON.—Our dear brother A. B. Gibson passed away into his rest on June 21 after a severe illness, of about four weeks, which ended in hæmorrhage of the stomach. He was patient and hoped that God would restore him to health again. The last night of his life he asked his family and friends to pray for him and also offered up a prayer to God that he would be spared to his family, but added that God's will was to be done. He was born in Canada and died at the age of sixty-six years. He leaves a wife and four daughters to mourn, yet not without hope.

He accepted the truth thirty-three years ago and lived a quiet conscientious Christian life on his small farm in this district; all who were well acquainted with him knew him to be a true Christian.

As our pastor could not be here in time for the burial, the Wesleyan minister of Frankfort was asked to hold the burial service. To his wife and daughters we offer our heart-felt sympathy.

E. H. HAREBOTTLE.

A Sign of the Times is "Depression"

Overcome it by Selling

"Signs of the Times"

If you reside in any of the undermentioned towns, or in any smaller town, you can appreciably augment your income by selling the *Signs of the Times* and *Tekens van die Tye*.

Cape Town (and suburbs)	population	149,235
Port Elizabeth	population	43,835
East London	population	27,809
Kimberley	population	18,471

Apply:

F. E. POTTER,
Home Missionary Secretary.

P.O. Box 378,
Port Elizabeth, C. P.